

Hersiening

- 1 Die rekeningkunde periode van Stone Manufacturers eindig jaarliks op die laaste dag van Februarie. Die onderneming het 'n vervaardigingsafdeling, verkoopsafdeling en 'n administratiewe afdeling.

Inligting

SALDO'S

ROU MATERIAAL VOORRAAD

Werk-in-proses

Klaarproduktevoorraad

Verbruiksvoorraad voorhande (Indirekte materiaal – Fabriek)

28 Feb 20.9	29 Feb 20.8
R	R
27 365	21 945
9 312	12 880
32 610	30 360
7 298	5 979

Transaksies gedurende die jaar:

Krediet aankope

Verbruiksvoorraad (Indirekte materiaal)

Roumateriaal

Kontantbetalings

Vraggeld op rou materiaal aangekoop

Lone: Direkte arbeid

Indirekte arbeid

Salarisse: Verkoopspersoneel

Fabriekspersoneel

Administratiewe personeel

Aankope van skryfbehoeftes: verkoopsafdeling

Huuruitgawes: Winkel

Fabriek geboue

Onderhoud: Shop

Fabrieksgeboue

Verkoopsuitgawes (uitgesluit salarisse)

Administratiewe uitgawes

Kontantontvangstes

Verkope van klaarprodukte

Addisionele Inligting

Waardevermindering kantoor en winkeltoerusting

Waardevermindering: Fabrieks aanleg

R
13 360
166 933
5 661
147 678
20 982
87 876
126 720
234 000
2 733
28 800
43 200
12 255
23 700
17 610
34 500
1 232 032
14 260
17 085

Addisionele inligting

- Gedurende die jaar is 10 000 eenhede voltooi
- Die totale vaste koste beloop R567 543
- Veranderlike koste beloop RR423 071

Gevra

- 1.1 Stel die Algemene Grootboekrekeninge op
 - 1.2 Bereken die volgende
 - 1.2.1 Direkte materiaalkoste per voltooide eenheid
 - 1.2.2 Primêre/Direkte koste per klaarprodukte
 - 1.2.3 Kosprys van klaarprodukte per eenheid
 - 1.2.4 Vaste koste per eenheid
 - 1.2.5 Veranderlike koste per eenheid
 - 1.2.6 Verkoopsprys per eenheid
 - 1.3 Bereken die gelykbreekpunt.
 - 1.4 Het die onderneming 'n wins of verlies gemaak? Motiveer jou antwoord.
-
- 2 Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Simple Printers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 20.8.

Inligting

Die volgende saldo's verskyn, onder andere in die Grootboek op 1 Maart 20.7

	R
Kantoortoerusting	135 000
Fabrieksaanleg	900 000
Voertuie	480 000
Opgelope waardevermindering op kantoortoerusting	50 625
Opgelope waardevermindering op fabrieksaanleg	352 800
Opgelope waardevermindering op voertuie	120 360
ROU MATERIAAL VOORRAAD	28 000
Werk-in-proses voorraad	51 600
Voorraad van klaarprodukte	30 400
Verbruiksvoorraad voorhande (Indirekte materiaal)	4 600

Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 29 Februarie 20.8.

	R
Kantoor skryfbehoeftes aangekoop	2 330
Rou material aangekoop (60% op krediet)	900 000
Indirekte material aangekoop	49 750
Vraggeld op aankope van roumateriaal(kontant)	38 500
Verkope van klaarprodukte	3 800 000
Advertensies	72 000
Voertuig uitgawes	136 250
Fabriekslone	481 500
Salarisse: Fabrieksvoorman	225 000
Administratiewe personeel	275 000
Verkoops personeel	247 500
Eiendomsbelasting	72 144
Versekering	78 000
Elektrisiteit en water	75 000

Addisionele inligting

- 1 Voorraad
 - 1.1 Voorraad voorhande op 29 Februarie 20.8:

Werk-in-proses	R33 400
Klaarprodukte	R32 600
Rou materiaal?	
Indirekte materiaal	R800
 - 1.2 Roumateriaal met 'n koste van R136 000, wat aangekoop was vanaf Tech Suppliers was teruggestuur op 29 Februarie 20.8. Hierdie transaksie is nog nie te boek gestel nie.
- 2 Salarisse en Lone

Salarisse, die 13 de tjem van die Fabrieksvoorman is nog uitstaande. Die bedrag bestaan uit R2 250 meer as sy maandelikse salaris

Die volgende moet nog in berekening gebring word

WVF aftrekkings van 1% is van toepassing op alle werknemers. Die onderneming dra 'n addisionele 1% by.

Alle werknemers dra by tot die BW Pensioenfonds. Die aftrekking beloop 7,5%, terwyl die onderneming twee maal die bedrag van maandelikse bydrae tot die Pensioenfonds bydra..
- 3 Uitgawes
 - 3.1 Elektrisiteit en water moet in die verhouding van 3:2 tussen die fabriek en die Administratiewe afdelings verdeel word.
 - 3.2.1 Eiendomsbelasting op die grond en geboue beloop R33 066 en was betaal vir die periode 1 Januarie 20.8 tot 30 Junie 20.8.
 - 3.2.2 Eiendomsbelasting en versekering moet gelykop tussen die fabriek en Administratiewe afdeling verdeel word.
 - 3.4 Die voertuig word gebruik om rou materiaal na die fabriek te neem sowel as vir die aflewering van klaarprodukte aan klante. Alle toepaslike uitgawes moet gelykop tussen die vervaardigings en die verkopedepartemente verdeel word.
 - 3.5 Waardevermindering vir die jaar is soos volg:

Kantoortoerusting – Afgeskryf teen 15% p.j. op die kosprys

Fabrieksaanleg – afgeskryf teen 20% p.j. met die verminderde saldo metode

Voertuie - afgeskryf teen 10% p.j. met die verminderde saldo metode. Hierdie word gelykop verdeel tussen die fabriek en die verkopedepartemente.
- 4 Goedere word verkoop teen 'n bruto winspersentasie van 90% op kosprys.

Gevra

- 2.1 Stel die volgende Grootboekrekeninge geëindig 29 Februarie 20.8 op. Toon alle berekeninge in hakies.

ROU MATERIAALVOORRAAD	WERK-IN-PROSES VOORRAAD	
KLAARPRODUKTEVOORRAAD	VERBRUIKSVOORRAAD	FABRIEKSBOKOSTE
VERKOOPS EN VERSPREIDINGSKOSTE	ADMINISTRATIEWE KOSTE	HANDELSREKENING
WINS-EN-VERLIES REKENING		
- 2.2 Bereken die bruto wins vir die jaar. Rond af tot een desimale plek.

- 2.3 Die interne ouditeur ontdek afwykings met die voertuiguitgawes. Die kleinkasbewyse pas nie altyd by die bedrae wat uitbetaal is nie.
- 2.3.1 Wie is 'n interne ouditeur?
- 2.3.2 Watter rol speel die interne ouditeur in 'n onderneming?
- 2.3.3 Waarom is interne ouditering belangrik in 'n onderneming?
- 2.3.4 Wat maatreëls kan die onderneming in plek stel om voertuiguitgawes te beheer?
- 2.4 Die interne ouditeur ontdek ook dat die aankoper van die rou materiaal "kick-backs" vanaf verskaffers ontvang het. Hy merk ook op dat hierdie persoon verantwoordelik was vir die plasing van die bestelling en die ontvangs van die voorraad en ook vir die betalings aan die verskaffers.
- 2.4.1 Dink jy dit is etiese optrede om "kick-backs" te aanvaar? Verduidelik jou antwoord.
- 2.4.2 Wat is die ses basiese riglyne vir etiese ondernemingsbedrywighede waaraan voldoen moet word om te verseker dat werkers se aksies eties sal wees?
- 2.4.3 Wat interne beheer maatreëls kan toegepas word om hierdie tipe van korrupsie te voorkom?
-

3 Inligting

Shameela Traders vervaardig vrugtesappe. Dit is die beleid van die onderneming dat werknemers soveel vrugtesap as wat hulle wil kan drink terwyl hulle by die werk is, maar dat geen sap van die perseel verwyder mag word nie. Die onderneming maak gebruik van 'n klokstelsel vir al die fabriekswerkers. Die interne ouditeur het ontdek dat gedurende die laaste twee maande dat daar snaakse dinge in die onderneming plaasgevind het:

- 'n Spazawinkel regs langs die fabriek verkoop die vrugtesap van Samantha Traders vir minder as kosprys.
- Twee fabriekswerkers het vir die laaste twee maande 20 uur per week oortyd gewerk.

Die interne ouditeur ontdek ook die volgende.

- Die twee werkers wat oortyd gewerk het het op Saterdag en Sondag ingeklok, maar het nie in die fabriek gewerk nie.
- Die een werker sal die vrugtesap neem en die ander een sal buite die perseel gaan en die sap neem en dan aan die spazawinkel verkoop.

Gevra

- 1 Was wat die werkers gedoen het korrek? Lewer kommentaar op jou antwoord.
 - 2 Watter interne prosedures kan die interne ouditeur in plek stel om te verseker dat dit nie weer in die toekoms gaan gebeur nie?
-